DALENE MATTHEE:

Haar boek veroorsaak in baie tale 'n opskudding

Met die pas verskene *Kringe in 'n bos** het DALENE MATTHEE – ook 'n SARIE-skryfster – ongehoorde internasionale sukses behaal. Nog voor die verskyning van die Afrikaanse roman oor boswerkers van die vorige eeue in die Outeniekwabos, is publikasieregte aan uitgewers in Engeland, Amerika, Duitsland, Nederland, Swede, Frankryk, Italië, Portugal, Brasilië en Israel verkoop. Waar die manuskrip gelees is, het dit 'n opskudding veroorsaak. Daar bestaan min twyfel dat *Kringe in 'n bos* 'n klassieke werk van ons tyd sal word.

PETRA MÜLLER het met Dalene Matthee op Hartenbos gaan gesels.

'N GEBORE dwars-in-die-weg is Dalene Matthee, iemand wat maar eie pad wou leer loop. Dit het sy met soveel drif gedoen dat sy nou, met haar eerste ernstige roman, tot haar eie ontsteltenis gevaar staan om internasionaal bekend te word.

"Ek was die stoutste kind op Riversdal," sê sy beroueloos, en rebels daarby. "Skool het ek gehaat. Toe ek in standerd een ontdek wat tyd is, en ek op my vingers uitreken ek moet nog tien jaar op die banke sit, het ek so aan die huil geraak dat hulle my huis toe moes neem met koors."

Nie dat bekendheid 'n vaal kol maak aan die eiesoortige Matthee-gesin wat in 'n sobere A-raamhuis in 'n doodgewone straat, drie strate van die see op Hartenbos woon nie.

"Moenie sober sê nie," protesteer Dalene. "Sê *eenvoudig*. Ons is eenvoudige mense. Ons wil dit wees."

Dalene Matthee is 'n kort, sterk geboude vrou met vinnige donker oë, aards, baie reguit en vervul met 'n eindelose weetgierigheid. As sy haar aandag op jou rig, voel jy iets kyk reg deur jou. Sy lag maklik en dikwels, en daar is 'n vuur in haar wat sou kon skroei.

As jy nie weet van haar skryfkuns nie, sou jy dit nooit raai nie. Sy's eerstens Larius se vrou en die drie meisiekinders, Toni (verhoogbestuurder by Sukovs), Amanda (taalnavorser op Stellenbosch) en Hilary (leerlingonderwyseres) se ma. Haar skryfwerk kom nie by

(Na bl. 32)

* *Kringe in 'n bos* deur Dalene Matthee, uitgegee deur Tafelberg-uitgewers.

LINKS: Die loopgange van die Bos loop Dalene dink-dink deur en nog boeke kom. (Foto: Francois le Roux)

BO: In hierdie geliefde Bos van haar is Dalene Matthee deur een van die ou boswerkers gevra: "Sal iemand dan uiteindelik voor die Here ons storie vertel?" *Sy* het. (Foto: Francois le Roux)

REGS: Sy werk nie in haar huis op Hartenbos nie, maar verder aan see toe in dié huisie wat Hannie van der Vyver (regs) aan haar leen. (Foto: Petra Müller)

DALENE MATTHEE

(Van bl. 32)

Gelukkig was daar nog van dié oues oor. Sy het hulle opgesoek, Bos toe geneem en daar het hulle haar hul geheimenisse vertel.

Dit was hierdie mense se armoedbestaan wat haar gedwing het om die boek te skryf. Want baie van hulle was aan houthandelaars verpand in 'n soort onbeskrewe feodale bestaan. Dit het daarop neergekom dat hulle die Bos moes uitroei om hul skuld by die handelaars afgewerk te kry en om aan die lewe te bly.

Sy wou daardie waarheid vertel, en dit is vir haar die grootste vreugde van haar boek: dat sy haar nie voor hierdie vriende hoef te skaam nie.

Want daar het 'n dag gekom dat een van hulle vir haar gesê het: "Sal iemand dan uiteindelik voor die Here ons storie vertel?"

Dalene het haar boek voor die Here geskryf. 'n Paar jaar van haar lewe het in die manuskrip van 310 bladsye gegaan. Maar die Bos was nóg nie met haar klaar nie.

"Toe die boek by die uitgewer is, pak ek en Amanda die vertaling in Engels aan. Net gekke en dwase doen sulke dinge. Toe ontdek ek hoe onvertaalbaar mooi ons taal is."

Intussen kom die tyding: André Brink, die keurder, is gaande oor die boek.

"Ek skryf toe vir hom en vra wát ek tog met die Engelse vertaling moet doen. Uit die goedheid van sy hart skryf hy vir sy persoonlike agent, Dinah Wiener, by 'n groot ou Engelse letterkundige agentskap . . ."

Daar's toorgoed in die manuskrip van jou, het Dinah Wiener kort daarna laat weet. Dit loop toe ook 'n pad oop na die uitsoekerigste uitgewerye van Europa. Redakteurs lees dit oornag. Dinah Wiener stuur teleksboodskappe met aanbiedinge.

Dalene is Bos toe om te gaan dankie sê.

HOE tref so 'n bekendheid 'n mens nou?

Vir Dalene gelukkig nog nie te erg nie. Sy staan by die hoekkafee nog altyd net as Hilary se ma bekend (Hilary is 'n buurtlegende). Maar daar word darem vir haar 'n ruim studeerkamer agter die motorhuis gebou, en vorentoe wag 'n ongehoorde lekkerte: die hele gesin gaan November oorsee om Europa te sien. Dalene sal in Italië 'n stukkie fyn navorsing moet gaan afhandel vir die derde boek wat in haar kop broei. Amanda en Larius leer intussen fluks Italiaans.

Die Matthees se gesinslewe is heg, innig en uitbundig. In die middel daarvan sit Larius, rustig glimlaggend agter 'n wolkie seroetrook. Hy bekyk die jonghondspel van sy vrou en dogters. Dis moeilik om te weet waar die dogters eindig en die ma begin. Hulle is meer soos susters.

"Hierdie Larius," sê Dalene, "het dit lekker. Dis skandalig hoe lekker hy dit het. *Vier* vroumense hang aan sy nek."

Dalene Matthee is nie die ongekompliseerde mens waarvoor 'n toevallige besoeker haar dalk sou aansien nie. Op haar rakke staan die filosowe – van Plato tot Steiner – en daardie boeke se bladsye het die lekker lapperige gevoel van boeke wat voosgelees is. Sy het soveel dinkgange as wat die Bos loopgange het. Sy loop die Bosgange dink-dink en dink haar dinkgange loop-loop deur.

Op staptogte dra sy die swaarste rugsak, en as sy aan die gang kom, loop sy soos 'n olifant: ligvoet en strykdeur.

Sy sal nog lank daar stap, want al die boeke wat sy in haar ronddra (daar is minstens nog twee en een van hulle, *Fiela se kind,* is so te sê klaar geskryf) het ook uit die Bos gegroei. Haar kamerade is dáár. Hulle omring haar. Hulle vertel haar uit blaar en uit wortel hul verhale.

Kry jy haar toevallig daar, moet jy haar alleen laat en nie vra wat sy daar hoor nie. Sy sal sélf later vertel. □